SUIDAFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 14 MAART 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Ontvangsrapporte oor die eksperimentele herleiding op 10,130 MHz sal waardeer word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van Chris Nagel, ZS6CGP, van Witbank, op 5 Maart moet aankondig. Chris was baie aktief op die lug, veral met AM musiekuitsendings.

Aan sy eggenote Louisa, ZS6LN, ander familie en vriende ons innige meegevoel.

(POUSE)

In die nuus vandag:

VERSLAG OOR STIGTING VAN DIVISIE 1 FORUM

OUTOMATIESE POSISIEVERSLAGGEWINGSSISTEEM (APRS)

STATUS VAN DIE REGULASIES WAT BY OKOSA INGEDIEN IS

TINUS LANGE 7066 TEGNIESE UITMUNTENDHEIDSTOEKENNINGS

SARL BHF/UHF KOMPETISIE

ONTDEK AMATEURRADIO 20 Maart 2004 by NARS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

VERSLAG OOR STIGTING VAN DIVISIE 1 FORUM

Die Divisie 1 Forum, waaroor in die SARLbulletin van 28 Februarie gerapporteer is, is op Saterdag 6 Maart te Swellendam gestig.

21 verteenwoordigers van die volgende klubs het die stigtingsvergadering bygewoon:

Cape Town Amateur Radio Centre; Boland Amateurradioklub; Overberg Amateurradioklub; Oakdale Amateur Radio Club; Suidkaap Amateurradioklub; Gizmo Radioklub; Winelands Amateur Radio Club; Garden Route Amateur Radio Club.

Daar is besluit om dié Forum te herdoop tot die "Western Cape Amateur Radio Forum".

'n Bestuurskomitee is aangewys en bestaan uit die volgende persone: Voorsitter Marten Holland, ZS1SM; O/Voorsitter Abe Zwiegelaar, ZS1ZS; Sekretaris Karl Canitz, ZS1KC; Tesourier Rassie Erasmus, ZS1YT.

Voorts sal elke klub deur 2 afgevaardigdes op die forum verteenwoordig word. Alle SARL-raadslede met Div 1 roepseine sal ex-officio as lede van die forum dien.

'n Grondwet vir die Forum is opgestel en aanvaar. 'n Afskrif van die grondwet is beskikbaar by www.qsl.net/zs1ct en volg net die skakel na "forum".

Dit is eenparig aanvaar dat die Western Cape Amateur Radio Forum dit ten doel het om die SARL en amateurradio te bevorder.

'n Afskrif van die notule van die stigtingsvergadering en die grondwet is reeds op die pakketnetwerk versprei.

OUTOMATIESE POSISIEVERSLAGGEWINGSISTEEM (APRS)

'n Paar van die gebruikers van APRS wil graag saam met Ton, ZS6ANA, (Digitale raadsportfolio) by die NARS bymekaarkom om die implementering van APRS in Gauteng te bespreek asook die moontlike groei in die res van SA.

Die plan is om met die Southern African Antique Wirelesss Association (SAAWA) saam te span en op 20 Maart 2004 om 10:30 byeen te kom.

Alle belangstellende persone word gevra om die byeenkoms by te woon om 'n geformaliseerde plan voort te bring.

Nadere besonderhede kan van Andy, ZS6CEY, op 082-444-9047 of via e-pos by andyc@netstar.altech.co.za verkry word.

STATUS VAN DIE REGULASIES WAT BY OKOSA INGEDIEN IS

Graham Hartlett, ZS6GJH, die President van die SARL, het SARLNuus ingelig dat die radioregulasies op 17 Februarie 2004 by die OKOSA-raad ingedien is. Die Raad het egter die regulasies na die Tegniese Beleidskomitee terug verwys. Die komitee het die dokumente op 23 Februarie hersien. Die dokumente is weer by die OKOSA-raad ingedien en is aanvaar vir publikasie. Die regulasies wat nou in die week van 8 Maart 2004 gepubliseer is, is vir 'n periode van 30 dae oop vir openbare komentaar.

Graham het ook aan SARLnuus meegedeel dat dit genoem is dat lede en nie-lede van die SARL direk met OKOSA en die minister se kantoor skakel. “Terwyl ek julle frustrasie met die proses verstaan, om direk met OKOSA of die minister se kantoor te skakel, help nie op hierdie tydstip ons saak nie. Lede moet asseblief hulle komentaar aan die liga adresseer sodat ons in ons onderhandelings met OKOSA ’n sterk stem het. Julle samewerking in die verband sal hoog op prys gestel word” het Graham gesê.

TINUS LANGE 7066 TEGNIESE UITMUNTENDHEIDS TOEKENNINGS

Die Tinus Lange 7066 Tegniese Uitmuntendheidstoekenning en Tinus Lange 7066 Junior Tegniese Uitmuntendheidstoekenning word jaarliks toegeken aan persone wat ’n tegniese projek in een van die volgende kategoriëe indien.

a. Ontwerp en/of konstruksie van projekte soos ’n voorversterker, SGV-brug, herleikassie, outomatiese ID-er, praktiese antennaidees, mas, draagbare toerusting, kragbron, ens., OF
b. Enige sagteware vir Amateurradiogebruik.

Die inskrywing moet die volgende insluit: - die werklike item (as groote en massa dit toelaat) of fotos (veral in die geval van antennas/maste, ens) en ’n volledige beskrywing in artikelformaat met illustrasies/prente gereed vir publikasie in Radio ZS.

Die werklike artefak moet die NARS twee weke voor die AJV bereik, maar die ondersteunende dokumentasie, in genoemde formaat - dws persgereed vir Radio ZS - moet nie later nie as 31 Maart by die NARS afgelewer word. Alle inskrywings sal by die AJV tentoon gestel word (waar prakties moontlik, anders fotos) en die toekennings sal tydens die jaarlikse dinee gemaak word. Die twee toekennings is die Junior Tegniese Uitmuntendheidstoekenning (Onder 25 jaar oud), ’n geraamde sertifikaat en ’n kontant toekenning van R350 en die Tegniese Uitmuntendheidstoekenning, ’n geraamde sertifikaat en ’n kontant toekenning van R350.

SARL BHF/UHF KOMPETISIE

Die eerste been van die 2004 SARL BHF/UHF-kompetisie word oor die naweek van 20 en 21 Maart gehou. Die kompetisie begin om 10:00 UTC (12:00 SAT) op Saterdag die 20ste en eindig 24 uur later. Die doel van hierdie kompetisie is om aktiwiteit op die BHF- en UHF-bande aan te moedig. Die kompetisie is oop vir alle gelisensieerde radioamateurs in Suid-Afrika en buurlande.

Aktiwiteit sal op 6, 4 en 2 meter sowel as 70 en 23 cm wees met GG-, FM- of ESB-werking. Die roepsein, RS(T) en ’n ruitblokverwysing word uitgeruil. Die reëls kan van die SARL se webwerf by www.sarl.org.za afgelaai word. Deelnemers moet asb. nie die internasionale roepfrekwensie vir 6 m, nl. 50,110 MHz vir wedstrydkontakte gebruik nie. Wanneer ’n stasie op hierdie frekwensie ontmoet word, vra hom om na ’n frekwensie wat vooraf deur jou gekies is te QSY. In ander bande is daar ook genoeg simplekskanale anders as die nasionale roepkanale

beskikbaar vir wedstrydkontakte, maak hierdie keer ook maar gerus meer van hulle gebruik. Geniet die kompetisie!

ONTDEK AMATEURRADIO 20 Maart by NARS

Sluit aan by die Muddlers Net en die South African Antique Wireless Association (SAAWA) vir 'n oggend van aanbiedinge, demonstrasies en statiese vertonings oor 'n verskeidenheid temas oor radiotegnologie.

Voordragte sluit in:- Die gebruik van programmeerbare geïntegreerde stroombane vir radio- en toetsapparaatontwerp.

ZS5WC "Griffen" QRP 40 meter send/ontvanger.

Teorie en ontwerp van 'n geruisdemper.

'n Laekoste 40 meter GG send/ontvanger.

Antennaontwerp en konstruksie vir beperkte ruimtes.

Verskeie antieke ontvangers en senders sal tentoongestel word.

Die SAAWA sal sy weeklikse op-die-lug vergadering vanaf die Reno Faber gedenkstasie hou onder hul roepsein ZS0AWA.

Tee en koffie sal vanaf 08:30 bedien word. Die aanbiedinge sal om 09:00 begin.

SPESIALE STASIE TYDENS WETENSKAP EXPO BY TSHWANE UNIVERSITEIT VAN TEGNOLOGIE

'n Wetenskap Expo word van 15 tot 19 Maart op die terrein van die Tshwane Universiteit van Tegnologie in Pretoria-Wes aangebied. Magalies Radioamateurklub sal daagliks van 09:00 tot 17:00 'n amateurstasie onder die roepsein ZS6MRK by die Expo bedryf om amateurradio aan die studente en publiek bekend te stel. Die stasie sal ook opvoedkundig van aard wees sodat jongmense ook kan deelneem. Die volgende modusse sal in werking wees: 1. ESB-spraak in die 40 en 80 m HF-bande; 2. Spraak op BHF op 145,750 MHz en UHF op 438,750 of 438,575 MHz. 3. Pakketradio op 144,675 MHz; 4. Weerprente op 144,700 MHz; 5. Stadige aftas TV op 145,750 MHz.

ZS6MRK sal dit waardeer as almal wat hulle hoor met hulle kontak sal maak.

Tony Voorveld, ZS6CCD, sal ook 'n stalletjie daar hê met al sy elektriese apparaat waarmee hy 'n skouspelagtige vertoning lewer wat altyd populêr is en groot byval by toeskouers vind.

SONAKTIWITEIT

Tad Cook, K7RA, van Seattle, Washington het as volg gerapporteer: Gemiddelde daaglikse sonvleksyfers het teenoor die week 26 Februarie tot 3 Maart met bykans 24 punte gedaal maar gemiddelde daaglikse sonvloed was ongeveer dieselfde, slegs meer as twee punte laer. Op 9 Maart het die aarde deur 'n sonwind beweeg en geomagnetiese indekse het gestyg. By midbreedtegrade was HF-bande op 9 en 11 Maart waarskynlik bruikbaar, maar nie op 10 Maart nie.

Oor die volgende paar dae behoort geomagnetiese toestande te bestendig. Sonvloed behoort teen Maandag die 15de tot ongeveer 100 te daal.

'n Groot sonvlek, No. 570 beweeg na die middel van die sigbare sonskyf en wys direk op die aarde. Dit is 'n moontlike bron van sonfakkels.

(Berig verkort uit die ARRL-nuusbrief).

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

15 tot 19 Maart - Spesiale stasie ZS6MRK by die Wetenskapexpo; 20 tot 21 Maart - Die BHF/UHF kompetisie; 20 Maart - Ontdek amateurradio by die NARS; Donderdag 1 April die eerste 80-meter QSO-Party om 19:00 SAT; Sondag 11 April die SARL HAMNET 40-meter gesimuleerde noodkompetisie van 14:00 tot 16:00 SAT.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN„ en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX